e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

31 Maart 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 9

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Leiers en gesagdraers wat dien

...die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos die een wat dien... **(Lukas 22: 26)**

Op 11 Maart berig *Beeld* oor 'n verskynsel waaraan ons ongelukkig nou al gewoond geraak het: onprofessionele, onetiese en selfs brutale optrede deur die polisie. Die berig maak melding van twee afsonderlike voorvalle waarin klagte teen polisielede aanhangig gemaak is: een waarin 'n polisieman 'n aanvalsgeweer op 'n gesin en hul seun se tienermaats gerig het, en 'n ander waarin 'n polisieman 'n ongelaaide dienspistool teen 'n man se kop gedruk het en die sneller getrek het. In dieselfde uitgawe is 'n verdere berig oor SAPD-lede wat hul posisie gereeld misbruik en verkeersreëls na willekeur oortree.

Ofskoon 'n mens nie kan veralgemeen nie omdat daar seker heelwat toegewyde polisiemanne is wat hul werk met groot integriteit doen, kan ons tog nie miskyk dat daar êrens 'n groot skroef los is nie.

Robert Greenleaf se publikasie wat reeds in 1970 verskyn het, *The Servant Leader,* het 'n belangrike begrip aan die wêreld bekendgestel, naamlik *servant leadership.* Dit beskryf 'n leierskapstyl en optrede deur mense in gesagposisies wat, anders as 'n hiërargiese *top-down* styl, eerder aspekte soos samewerking, vertroue, empatie en die etiese gebruik van mag beklemtoon.

In essensie is die leier of gesagdraer eerstens 'n dienaar wat die bewustelike besluit neem om te lei of gesag uit te oefen ten einde die ander beter te dien, nie om hul eie mag te vergroot nie. Dit is juis in die lewering van die diens dat die gesagposisie sin en betekenis verkry, ook vir die een wat gesag uitoefen.

In die korporatiewe omgewing is hierdie bestuurstyl besig om vinnig veld te wen, met baie bestuurders wat wegdoen met 'n outokratiese bestuurstyl en die ekonomiese vrugte pluk van werknemers wat baie meer toegewyd, kreatief en produktief is, bloot omdat hulle reg bestuur word.

Nou kan 'n mens net hoop dat die lig ook sal opgaan vir 'n groot deel van ons polisiemag wat hul posisie beskou as een wat aan hulle die geleentheid bied om hulself onregmatig te verryk deur korrupsie en diefstal, of om hulle aan bullebakkery skuldig te maak.

Iemand veel groter as Robert Greenleaf het al eeue gelede die waarde van dienslewering deur leiers en gesagdraers uitgelig: *Maar Jesus sê vir hulle: "By die nasies is dit so: konings speel oor hulle baas, en dié wat gesag afdwing, laat hulleself weldoeners noem. Maar by julle moet dit nie so wees nie. Inteendeel, die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos die een wat dien..."* (Luk 22: 25-26).

Hoe wonderlik sal dit wees as ons weer met respek en bewondering sal kan kyk na hulle wat ons in 'n gewelddadige en misdaad geteisterde land moet veilig hou, red en oppas, omdat hulle mense is wat met die grootste integriteit en waardigheid hul leuse van *om te dien* gestand doen!

Dr Gerhard Nel, Hartebeeshoek

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Johann Mouton

Dr Gerhard Nel

Ds Gerhard Viviers

Prop Petrus Dreyer

Beroep ontvang

- **Ds Johann Mouton** van Ventersdorp na Sasolburg-Suid
- **Dr Gerhard Nel** van Hartebeeshoek na Horison Roodepoort
- **Ds Gerhard Viviers** van Laeveld na Bothaville
- **Ds Danie Malan** (beroepafwagtend) na Johannesburg (deeltyds)

Beroep aanvaar

- **Prop Petrus Dreyer** na Barberton

Vakante standplaas

- **Gemeente Harrismith** beskik oor 'n vakante **deeltydse standplaas**. Die gemeente is saamgestel uit ongeveer 50 belydende lidmate, en bied 'n unieke uitdaging aan 'n bedienaar van die Woord om in 'n tipiese dorpsomgewing die Woord te verkondig. Daar sal van kandidate verwag word om, na die indiening van 'n CV (tesame met 'n kort beskrywing van hom- of haarself), moontlik met die kerkraad in gesprek te tree. Die kandidaat moet ook saam met sy of haar gade die gemeente op 'n Sondag besoek en die erediens lei. Die Kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

  Predikante wat daarin belangstel om die gemeente te bearbei, kan 'n CV stuur na **tanya@centre-africa.com** of per gewone pos na Posbus 797, Harrismith 9880 **voor 10 April 2011**. Kontak oudl Cobus van der Laarse by 082 452 2953 vir meer inligting.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Ds At Mc Donald

- Emerituspredikant **ds At Mc Donald** is op Maandag 28 Maart oorlede na 'n lang stryd teen kanker. Die begrafnisdiens was op Woensdag 30 Maart in Koster. Ons bid sy vrou, Anna Marie, en die familie troos en berusting toe.

- **Die volgende predikante verjaar tot 8 April**, en word hartlik geluk gewens.

o Saterdag 2 April:	Dr Ananda Geyser-Fouché (beroepafwagtend)
o Sondag 3 April:	Ds David Barnard (Magaliesmoot)
o Maandag 4 April:	Ds Stephan Botha (Klerksdorp-Oos Môrester)
o Dinsdag 5 April:	Di Willem Barnard (Stilfontein) en Tanya van Wyk (beroepafwagtend)
o Woensdag 6 April:	Ds Theo Janse van Nieuwenhuizen (Witfield)
o Donderdag 7 April:	Di Corné Lemmens (Villieria), Frans Redelinghuys (Oos-Londen) en dr Hennie van Deventer (emeritus)
o Vrydag 8 April:	Ds Marius Bacon (El-Flora)

- Aansoeke word ingewag vir die **pos van Sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering** (AKV) by die Sinodale Kantoor. Die suksesvolle kandidaat moet –

- o ’n geordende predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wees;
- o oor ’n minimum van 10 jaar werkservaring beskik;
- o bereid wees om soms uitstedig te wees, byvoorbeeld ten opsigte van seminare, kongresse en vergaderings;
- o rekenaarvaardig wees, veral in Microsoft Office; en
- o oor bewese bestuurs- en kommunikasievaardighede beskik.

Die hoofdoel van die pos is om, onder leiding van die Skriba en die Kommissie van die AKV, as Sekretaris van die Kommissie van die AKV op te tree met die oog op geordende vergaderings en die deurgee van besluite aan die toepaslike liggame vir uitvoering. Afgeleide doelwitte word in samewerking met die Kommissie van die AKV (Skriba) geformaliseer.

’n Mededingende salarispakket word aangebied. Diensaanvaarding is op **1 Julie 2011**. Meer inligting sal op aanvraag beskikbaar gestel word. Hierdie is ’n **kontrakaanstelling vir 5 jaar**, en die voorwaardes sal individueel onderhandel word.

Stuur asseblief ’n verkorte CV **voor of op 16 April 2011** aan mnr Piet Beukes by **piet@nhk.co.za**, of faks dit na 012 322 7909, vir aandag P Beukes.

Ds Johan Holtzhausen

- **Gemeente Orkney** het besluit om sy volledig versorgde standplaas te wysig na ’n deeltydse standplaas. **Ds Johan Holtzhausen**, wat die gemeente reeds lank bearbei, bly aan in die deeltydse standplaas. Die sluiting van myne en gevolglike verlies van lidmate het die gemeente erg getref.

Komitee vir samestelling van jeugliedbundel

- Tydens die 69ste AKV is die Raad vir Erediens versoek om ’n komitee saam te stel wat werk aan ’n bundel **kontemporêre geestelike liedere vir die Kerk**, vir gebruik tydens eredienste en jeugbyeenkomste. Hierdie liedere sal ook tydens aanddienste, veral gemik op die jeug, gebruik kan word, en die begronding daarvan moet gesien word in die lig van verskillende aanbiddingstyle en spiritualiteitstipes. Op Dinsdag 22 Maart het ’n eerste vergadering plaasgevind, en gesprekke vind eersdaags plaas met ander instansies oor moontlike samewerking (onder andere Vonkk en Flam). Liedere word tans versamel wat bespreek gaan word tydens ’n **werksessie in Junie** om liedere te keur vir die bundel. Die komitee (waarvan sommige op die foto verskyn) is nie geslote nie, en persone wat wil meewerk, is welkom. Kontak di Hannes van der Merwe by **hannesvdm@lantic.net** of Thinus van Staden (Montana) by **tvanstaden@yahoo.com**. Tydens die 70ste AKV sal die bundel voorgelê word vir goedkeuring.

- **Gemeente Strand** se huis-/kerkorrel is na jare se diens ter ruste gelê. Die gemeente is dringend op soek na ’n ander orrel om te koop; as daar ’n skenking kan wees, sal dit waardeer word. Hulle stel veral belang in ’n **werkende pyporrel**. Kontak ds Jan Claassen by 084 400 5137 of **two.oceans@yahoo.com**.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en ’n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **studenteblyplek in Eloffsdal**, Pretoria. Kamers met gesamentlike badkamer teen R900 per persoon wat deel, R1 500 per enkeling. Kamers met en suite badkamer en stoorkamer teen R1 200 per persoon wat deel, R2 000 per enkeling. Water en ligte en veilige parkering is ingesluit. Dit is op ’n busroete, 5 km vanaf Kerkplein, 2 km van die Eugene Marais-hospitaal, naby die universiteite. Kontak Johan by 082 212 2137.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Sondag 10 April om 11:00: Gemeente Potchefstroom-Suid**
  Ds Geo Smit vier 25 jaar in die amp
  Kontak Yolande van der Walt by 018 294 6871 of **nhkps@mailbox.co.za**

- **Sondag 17 April: Gemeente Morgenzon**
  Viering van 75ste verjaardag na erediens
  Kontak skriba Neels Scholtz by 017 933 3067, 017 793 3068
  of **scholtzn@mweb.co.za**

- **Vrydag 15 tot Sondag 17 April: Gemeente Volksrust: 150ste verjaardag**
  Vrydag: Feesbasaar
  Saterdag: Boomplanting, Voorbereidingsdiens en formele ete
  Sondag: Nagmaaldiens, Dankseggingsdiens en vingerete
  Kontak ds Paul Buitendag by 082 853 8900 of **buitendagp@telkomsa.net**

- **Vrydag 27 tot Sondag 29 Mei: Gemeente Germiston**: **Eeufees**
  Kontak ds Johan Ayres by **johanayres@absamail.co.za** vir meer inligting

- **Vrydag 27 tot Sondag 29 Mei: Gemeente Drie Riviere: 50ste verjaardag**
  Vrydag: Kuier rondom woonwaens en tente
  Saterdag: Basaar
  Sondag: Nagmaal
  Kontak ds John Putter by **jdputter@vodamail.co.za** of 016 423 3413
  of mev Santie Rossouw by **nhk3riviere@mwebbiz.co.za** of 016 423 5405

Toere

- **28 Junie tot 12 Julie: Griekeland (hoofland) en Turkye**
  Geniet 3-dae-bootvaart na Griekse eilande
  Kontak **ds Larry van der Walt** by 082 666 0261 of **larry@newtestament.co.za**

- **26 tot 30 September: 2011 *Konteks*-toer na Laeveld**
  Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**
  Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448
  of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

Konserte

- **Saterdag 16 April 10:00 tot 13:00: Gemeente Theresapark**
  Country Familiedag met Pieter Cloete en die Rodeo-lyndansers
  Te Vivaldi, Sylviastraat 78, Heatherdale
  Volwassenes R50 en kinders R20 (sluit pap, wors en sous in)
  Bring eie eetgerei en drinkgoed
  Kontak Mariana van Zyl by 012 542 3568 of **nhtheresapark@absamail.co.za**

- **Vrydag 16 September: Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies**
  Kurt Darren
  Vanaf 19:00 by die rugbyveld van Wesvalia-skool
  Eerste 250 kaartjies naby verhoog R100 elk; res R80 elk
  Kaartjies by Maranata-grasdakke, Vleistraat 50
  Kontak 018 468 3769 of 083 449 9907, of George Foley by 083 750 0699

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 30 April tot Maandag 2 Mei: Gemeente Piet Retief**
  Visvangkompetisie by Heyshopedam se bootklub

1ste prys akkommodasie vir twee nagte en ’n dag se hengel per boot op see by Richardsbaai vir twee persone
Ander pryse ook en gelukstrekkings
Staanplek by bootklub gratis
R100 per volwassene en R50 vir 15-jariges en jonger vir hele naweek
Kaartjies by **Pill Box-apteek**, **Pro Deo** en **Coffee Shoppé** op Piet Retief en Vrydagmiddag en Saterdagoggend by die oord
Kontak Gerda by 082 334 3583, Johan by 083 630 3226 of Flip by 083 785 5448

- **Saterdag 28 Mei: Gemeente Derdepoort: Gholfdag**
  Mooipoort
  American Scramble 4 x 2-bal
  Spelers en borge welkom
  Kry meer inligting by **mej@mweb.co.za**

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Laer Suidkus: Vrydag 1 April om 18:30: Garnaalfees**
  By kerkgebou te Scottstraat 3, Port Shepstone
  Geniet die gasvryheid van die tropiese Hibiskus-kus
  Buffet met groot *Tigers*, voor- en nagereg, wynkelder
  Beesvleis vir dié allergies vir skulpvis
  R140 per volwassene en R70 vir kinders onder 12
  Kontak ds Jacques Pieterse by 082 458 4482 of **jacquesjean@vodamail.co.za** vir kaartjies en/of verblyf

- **Gemeente Alberton-Wes: Bome te koop**
  Koorsbome, soetdoringbome en vaderlandswilgers teen R100 per boom
  Reeds ongeveer 2-3 meter hoog
  Kontak ds William Harmse by 082 493 6715

- **Gemeente Tzaneen: Jagkompetisie**
  R100 per kaartjie, **trekking** van wenkaartjies **5 Mei**
  1ste prys: 1 eland, 2 rooibokke, 2 nagte akkommodasie vir 2 jagters en 2 nie-jagters by Tranquil Nest tussen Alldays en Pontdrift
  2de prys: 1 koedoe, 2 rooibokke, ’n vlakvark, 2 nagte by Plaas Keerom, Mooketsi, Limpopo vir 6 persone waarvan 2 jagters is
  3de prys: 1 blouwildebees, 2 rooibokke, ’n vlakvark, 2 nagte by Plaas Keerom vir 6 persone waarvan 2 jagters is
  Troosprys: 2 broodbome
  Kontak ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514 of Emmarentia by 015 307 4508

Basaars en markte

- **Saterdag 30 April: Gemeente Greylingstad: Basaar**
  Klein plaasgemeenskap met vleis as groot aantrekkingskrag
  Kontak Casper Pieters by 082 493 9872

- **Maandag 2 Mei 2011: Gemeente Potchefstroom: Basaar**
  Van 08:00 tot 14:00 op Kerkplein in Potchefstroom
  Gemeente bied vir 19de keer die **Noordwes-Motorskou** aan
  Meer as 300 veteraanmotors stal uit, ongeveer 4 000 mense besoek die skou
  Verskeie gaskunstenaars, onder andere Clive Bruce
  Kontak ds Willem Kok by 083 664 0058

- **Saterdag 7 Mei: Gemeente Delareyville: Genl Delareyfees**
  Goewermentstraat 31, Delareyville

Met Bobby van Jaarsveld
Toegang gratis
Kompetisie R100 per kaartjie
Wen bul en 10 topverse; of 5 topverse; of bootvaart na Portugese Eilande
Kontak Ben van der Ryst by 082 372 7035 of Attie Hattingh by 082 770 6862

- **Saterdag 28 Mei vanaf 08:00: Gemeente Schoemansdal: Bosveldbasaar**
  Hoofkunstenaars Jay van Eden en Steve Hofmeyr
  Gratis vertoning, meer as genoeg kos
  Kontak 012 253 0146 (08:00 tot 13:00) of 083 536 1430

- **Saterdag 4 Junie vanaf 09:00: Gemeente Kathu: Kameeldoring-karnaval**
  Met Kurt Darren
  Kompetisie R100 per kaartjie
  Wen 7-voet Venter-waentjie; dubbeldeur yskas-vrieskas-kombinasie; patio-gasbraaier; Sony Playstation 3; of potspeltafel
  Kontak Rita Kern by 083 328 4465, Buna Schmulling by 082 463 8367 of ds Joseph Steÿn by 084 502 4829

ANDER NUUS

- Die evaluering van **voornemende teologiestudente** vind by die Universiteit van Pretoria plaas gedurende die **Junie/Julie-skoolvakansie** van elke jaar. Matrikulante en persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen om as student van die Hervormde Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303. Die **sluitingsdatum** vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **30 April jaarliks**.

- **Die Ondersteuningsraad** beskik tans oor die volgende **vakante poste**:

  - Maatskaplike Werkers: Witbank, Krugersdorp en Pretoria
    (moet by die Raad geregistreer wees)
  - Sekretariële Beampte (deeltyds): Kempton Park
  - Hulp- Maatskaplike Werker: Brakpan – nuwe pos
    (moet by die Raad geregistreer wees)

  Alle aansoekers moet oor ’n geldige rybewys beskik. Salarispakkette sal afhang van jare ervaring
  Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za**
  of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313
  of 071 684 7796

- Die **volgende vergaderings** vind tot 8 April plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Woensdag 6 April: Bejaardesorg

  Die Dagbestuursvergadering van die **direksie van die Kinderhuise** wat op 6 April sou plaasvind, is afgestel.

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Die Ondersteuningsraad kry goeie terugvoer op die advertering van ons vakante poste – ons kon, spesifiek vanweë die *e-Hervormer*, 'n aanstelling maak in ons programbestuurderspos van Ekurhuleni/Oos-Rand. Die pos was amper twee jaar lank vakant!"

Dr Charmaine Fourie

"Die voorbladartikel het my stom geslaan! As lidmate hulle vir regspraak rig tot die burgerlike hof, is dit 'n gebrek aan dissipline! So ver ek weet, het die betrokke lidmate alle stappe gevolg wat die Kerk hulle bied, maar het nie werklik begrip vir hul beswaar gevind nie. Uit die artikel blyk 'n tendens wat ek lankal bespeur: Die Kommissie van die AKV beskou homself nie as 'n bykomende vergadering nie maar as 'n kommissie met 'n magsposisie wat vrees by lidmate moet afdwing en geen teëspraak duld nie. Lidmate moet by hul uitsprake berus, anders veroorsaak hulle chaos." *(Verkort)*

Ds Piet van der Merwe, Zoutpansberg

"Dit is so dat die Japannese die afgelope tyd vir ons 'n besondere voorbeeld gestel het, in teenstelling met die wetteloosheid wat soortgelyke gebeure meestal kenmerk. Ek vind dit egter onaanvaarbaar om lidmate wat besluite en gesag van vergaderings bevraagteken, te vergelyk met hierdie wetteloosheid. Alhoewel dit sekerlik so is dat Christus Hoof van die Kerk is, is dit maar net mense wat gesagposte beset, nie God self nie, en hierdie mense is feilbaar, en dus vatbaar vir kritiek." *(Verkort)*

Hein Marx

"Soos die Kommissie homself die reg toe-eien om nou skielik gedurig oor tugwaardige optrede en dissipline te skryf, net so is dit die reg van lidmate wat verskil van die Kommissie se standpunte om hul besware openlik te lug en alle remedies tot hul beskikking te gebruik om hul standpunt oor te dra." *(Verkort)*

Jacques Lombaard

ADVERTENSIES

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.



PHILADELPHIA-FEESTAFEL
Gemeente Philadelphia se feestelike resepteboek uit eie bodem
Realisering van vyf jaar lange projek
Die 415 resepte is inhoudelik en redaksioneel deur Louise Geyser versorg
Besondere kenmerk is spesiale afdeling oor Bybelse etes en feeste
Verkoopprys R150
Dis 'n boek wat jy definitief op jou kombuisrak wil hê
Sal ook ideale geskenk wees vir iemand wat jy graag wil bederf
Eerste oplaag reeds uitverkoop, tweede oplaag nou beskikbaar
Bestel by Louise Geyser, by 012 361 0579, 082 560 4279
of **louise.geyser@absamail.co.za**

Stemreg – reg én verantwoordelikheid

Hierdie verklaring van die voorsitters van die Algemene Sinodes/Kerkvergadering van die drie Afrikaanse Kerke insake die plaaslike verkiesings op 18 Mei 2011 is op 23 Maart 2011 uitgereik.



Die vertroue van gelowige Christene uit alle dele van die Suid-Afrikaanse bevolking in persone op alle vlakke van regering het 'n nuwe laagtepunt bereik. 'n Siniese houding en 'n ontnugtering oor politici en hul optrede leef by baie burgers van hierdie land. Dit het tot gevolg dat onrus oor munisipale sake ook gereeld voorkom en dat positiewe burgers geen nut in die komende plaaslike verkiesings sien nie.

Daarom is dit nodig dat alle gelowige burgers opnuut besef dat stemreg nie alleen 'n reg is nie, maar ook 'n verantwoordelikheid. As die meerderheid van hierdie land Christene is, móét dit eventueel weerspieël word in die betroubaarheid en gehalte dienslewering van die regeerders wat aangewys word.

Verantwoordelike Christene mag nie die geleentheid om 'n positiewe invloed op die regeerders van die land uit te oefen, laat verbygaan nie. Hulle moet hul kruisies trek in verkiesings en hul stemme oor belangrike sake op munisipale vlak gereeld laat hoor. Die Grondwet van Suid-Afrika waarborg aan hulle die ruimte daarvoor.

Daarby kan Christene met die oog op die munisipale verkiesings van 18 Mei met reg ook die volgende van plaaslike regeerders verwag:

- 'n Vaste voorneme om belastinggeld in belang van die hele plaaslike bevolking aan te wend en dit deursigtig en eerlik te hanteer. Dit beteken onder meer streng maatreëls om korrupsie hok te slaan en om basiese dienste soos die verskaffing van water, elektrisiteit en sanitasie op 'n aanvaarbare vlak te lewer.

- Plaaslike regeerders sal met geloofwaardigheid kan bydra tot die bekamping van misdaad as hulle enige vorm van misdaad of wanbestuur in hul eie midde uitroei. Hulle moet 'n publieke opinie bevorder wat misdaad streng afwys.

- In Suid-Afrika as 'n verklaarde nie-rassige land moet swak dienslewering nie aan ras gekoppel word nie, maar billike kritiek op swak dienslewering ook nie as rassisme afgemaak word nie. As diens aan almal en nie die belange van die eie ras nie die motief is, kan dienslewering op plaaslike vlak verbeter word. Die ANC se houding by onlangse samesprekings met kerke waarin die party sy onvermoë tot behoorlike dienslewering erken en almal se medewerking vra, moet in praktiese dade omgesit word. Daarvoor sal die regering die inisiatief moet neem.

- Plaaslike regeerders moet besef dat hulle in die publieke belang moet optree en in 'n demokrasie aan die publiek verslag moet doen. Publieke wantroue en afkeur word nie met 'n dowe oor of selfs polisie-optrede vernietig nie.

- Plaaslike regeerders in 'n demokrasie moet streef na 'n vertrouensverhouding tussen regeerder en publiek en aan die kant van die reg gaan staan. Die resep vir 'n vreedsame, ontwikkelde gemeenskap is 'n owerheid en onderdane wat hulle tot die reg van almal verbind.

Geteken deur dr Neels Smit (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika),
dr Daan van Wyk (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika)
en prof Piet Strauss (Nederduitse Gereformeerde Kerk)

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx